Wes-Kaapse Sake

Onder redaksie van **Carin Smith** by csmith@dieburger.com DIE BURGER

Franse het les vir SA en bootboubedryf

'Frankryk se subsidiemodel kan ondersoek word'

DIE nasionale regering behoort die Wes-Kaapse bootboubedryf te ondersteun net soos die Franse regering sy eie bootboubedryf steun, het die Wes-Kaapse regering gesê.

Staatsondersteuning is nodig as die bedryf wil oorleef en 'n groot bydraer tot die plaaslike ekonomie wil lewer.

Die beramings is dat die Suid-Afrikaanse bootboubedryf se jaarlikse omset byna R1 miljard bedra, terwyl 75% daarvan van Wes-Kaapse vervaardigers kom.

Mnr. Ellian Perch, direkteur van Robertson & Caine, een van die voorste bootbouers in die land, vertel dat mnr. Trevor Manuel, minister van finansies, al tien jaar gelede aan hom gesê het daar is "ongetwyfeld" 'n behoefte aan staatsteun.

Tot dusver het dié hulp nog nie werklikheid geword nie, en bedreig dit volgens Perch die toekoms van die bedryf.

Die Franse regering se steun vir die Franse bootboubedryf het 'n stewige grondslag gelê vir die voorste Franse bootbouers om tot daardie land se ekonomie by te dra.

Perch meen die plaaslike bedryf is grootliks uitvoergegrond, en is te blootgestel aan die wisselvalligheid van die rand-dollar-wisselkoers. Hy meen dus die regering behoort dit te oorweeg om die groter vervaardigers te subsideer.

Mnr. Herman Jonker, bestuurder vir marinebemarking by die Wes-Kaapse departement van ekonomiese ontwikkeling en toerisme, sê die departement dra saam met die Kaapstadse munisipaliteit tans R500 000 per jaar by aan bedryfsliggame. Die Suid-Afrikaanse Bootbouersakeraad is met behulp van dié geld gestig, maar Perch sê as die nasionale regering werklike groei wil stimuleer, moet hy die Franse se voorbeeld volg.

Jonker sê die Wes-Kaapse regering sal graag 'n meer betekenisvolle bydrae wou lewer, maar dit hang af van die nasionale regering se bydrae.

Mnr. Bruce Tedder, voorsitter van die Kaapse Bootbou-inisiatief, stel voor dat belastingtoegewings aan bootbouers toegestaan word, maar Jonker sê internasionale voorbeelde toon dat dit nie werk nie. Die Franse subsidiemodel kan egter ondersoek word.

Volgens Perch is daar nie tans enige gesprekke tussen die regering en die groot bootbouers nie. "Ons sal moet begin om met die regering hieroor te praat. My maatskappy het besluit om nie ons bedrywighede oorsee uit te brei nie en ons bly verbind tot die plaaslike ekonomie, maar dit kan nie onbepaald voortduur nie."

Toe hulle Dublin in Ierland onlangs besoek het om uitbreiding te ondersoek, is hulle soos koninklikes behandel, vertel Perch "omdat ek dink hulle verstaan die werklike ekonomiese waarde van die bedryf".

Nog 'n kwessie wat die groei in die bootboubedryf rem, is die traagheid van banke om oorbruggingsfinansiering aan bootbouers te verskaf, oflenings aan plaaslike kopers. "As banke hul siening van ons bedryf en van die bona fides van ons kliënte verander, sal ons in 'n baie beter posisie wees om internasionaal mee te ding," sê Perch.

Die Suid-Afrikaanse Bootbouersakeraad het pas 'n amptelike verklaring aan die groot handelsbanke gestuur waarin hulle gevra word om die verskaffing van oorbruggingsfinansiering vir bootbouers soos Robertson & Caine te oorweeg.